

JOU GEESTESINSTELLING: SOOS JOSUA OF SOOS MOSES?

WATERKLOOFKERK; PINKSTERSONDAG 20 MEI 2018 (SIEN OOK 2011); NUMERI 11: 24-30

Moses word moedeloos. Moses moes die volk uit Egipte die plek van swaarkry en slawerny lei na die beloofde land wat God hulle sou gee.

Maar mense vergeet gou van hulle swaarkry en hoe goed dit is om vry te wees en dan kla hulle oor alles. Die Israëliete verlang verskriklik na die vleispotte van Egipte.

Om 'n klasleier of prefek te wees, is baie swaar werk. Die kinders is dikwels lelik met 'n mens. Jy wil ophou om dit te doen.

Moses wou ook ophou. Hy moes al die verantwoordelikheid alleen dra. Hy's kwaad vir die mense en kwaad vir God. So moedeloos is hy dat hy vir God sê: 'Ek sal eerder doodgaan as om langer aan te hou!'

Die Here belowe vir Moses dat Hy iets sal doen. Moses moes 70 ander mense wat leiers onder die volk was bymekaar kry.

Kom ons lees: Numeri 11: 24-30.

Dis 'n baie wyse ding wat die verhaal sê die Here hier doen. Niemand was so slim in daardie tyd om daaraan te dink nie. Moenie een leier met al die probleme opsaal nie. Laat 70 die verantwoordelikheid deel. So word die las ligter.

Op 'n manier laat God die Gees op al die leiers kom. Almal het iets van God. Almal dra verantwoordelikheid. As teken dat hulle die Gees ontvang het, 'profeteer' hulle vir 'n tyd. Dit beteken dat hulle aanvanklik entoesiasies en charismaties optree. In later tye word profesie meer verbind om God se wil vir die hede te onderskei en om iets van die toekoms te kan sien.

Maar so wraggies die kla is steeds nie verby nie. Kla is nooit verby nie. Daar's altyd mense wat kla. Hierdie keer sommer 'n jongman maar hy weet hoe hy die meeste van sy klagte gaan maak. Hy steek Josua met sy klagte aan. En Josua kla by Moses: 'Twee leiers was nie by toe die ander ingesweer is nie en hulle neem nou ook verantwoordelikheid en hulle profeteer as teken dat hulle die Gees ontvang het. Belet hulle meneer Moses, belet hulle!'

Wat maak Moses nou? Paai hy vir Josua? Josua het sekerlik 'n punt beet. Daar moet orde en reëls wees. Veral leiers moet 'n voorbeeld stel. Bowendien kan Moses nie nou steun verloor - veral van sy assistent - nie!

Maar Moses antwoord verrassend: 'Nee watwou Josua, hoekom is jy bekommerd oor die korrekte orde en oor my posisie? As hulle begeesterd is deur God, is dit nie al wat tel nie? As God hulle geseën het, maak ons diens in die tent mos nie eintlik soveel saak nie?'

En dan maak Moses een van die mees vreemde uitsprake vir daardie vroeë tyd: 'Ek wens almal wil die Gees ontvang... Ek wens almal wil weet God dat hulle goed genoeg is en God hulle 'n gawe gee, krag gee, verantwoordelikheid gee'.

Jare later sou die Joël profeteer dat daar 'n tyd kom dat jongmense en oumense wat destyds nie as juis waardevol beskou is nie goed genoeg is by God self om sy Gees te ontvang. En op Pinksterdag, het ons in Handeling 2 aan die begin van die erediens gelees, het Lukas gesien dat die profesie van Joël oor jong-en oumense in vervulling gaan. Almal moet besef ons het elkeen iets waardevols ontvang, ons het elkeen verantwoordelikheid.

Twee gebeurtenisse wat hierdie verhaal oor Pinkster onderstreep, is die volgende. Die eerste het dekades gelede gebeur en die tweede het gister gebeur:

Gebeurtenis 1.

'n Poolse mamma wou baie graag hê haar kind van ses jaar oud moet eendag 'n konsertpianis word. Hulle spaar en sy neem hom na 'n Paderewsky-konsert. Paderewski is Poland se voorste pianis in die tyd en ook later Eerste Minister. Ma en seun sorg dat hulle vroeg daar is en en sy gaan gou badkamer toe. Maar toe sy terugkom is hy skoonveld. Sy begin soek in die foyer, in die badkamers en op die gallery. Hy word nêrens gevind nie.

Die seun het rondgeloop en maklik verby die wagte van die verhoog gekom. Toe sien hy 'n vleuelklavier. Die kolligte gaan op hom aan. Die Josuas in die verhoog personeel roep hom af: 'Ons belet jou! Jy het nie toestemming nie!'. Maar die Mosesse het die gordynkontroles. Die gordyn begin oopgaan... Die seuntjie speel 'Twinkle twinkle little star...'. op die vleuel... Paderewski stap op die verhoog...

Wat sou jy doen as jy die verhoogbestuurder was? Die goeie orde versteur? 'n Presedent skep? Die kans neem en kyk wat gebeur? Is die mannetjie nie begeesterd en sonder vrees nie?

Paderewsky is toe meer Moses as Josua. 'Moenie ophou nie speel nie', vra hy. 'Speel jy links dan speel ek regs'. Paderewsky improviseer en speel saam. Die teater word vir 'n wyle 'n kerk waar jonk en oud, ervare en onervare saam begeesterd is...

Gebeurtenis 2.

Met die koninklike familie-troue gister in Windsor het die wat gekyk het Britse 'pomp and circumstance' op sy beste gesien. Josua met sy orde en militêre aanslag het ingang gevind het in die twee suidelike stamme, later die Joodse tradisie en ook die Westerse tradisie. Min het die

tradisie tot so 'n skouspel kon maak as die Britte met hulle koningshuis. Die orkeste, soldate, vaandels in die katedraal, die stiptelikheid en orde alles omtrent in navolging van generaal Josua.

Maar gister se gebeure verras ons ook met die begeesting waarop Moses gehoop het. Van groter spontaniëteit. Die verryking van die Britse presiesheid deur 'n Amerikaanse dominee se energieke boodskap oor liefde, Negro Sprituels wat gesing word, emosionele meelewing met die gebeure, en van 'n soen deur die bruidspaar op die trappies.

Is dit nie juis ook die betekenis van Pinkster nie? Hoe die verskeidenheid die eenheid nie bedreig nie maar juis verryk. Die verskeidenheid in kerkstyle en kultuur en mense is goed vir almal.

Twee afsluitopmerkings. Die eerste aan ons kinders wat nou-nou na hulle groep gaan:

Vandag praat hulle juis oor die Heilige Gees as ons advokaat. Johannes gebruik die woorde *parakleet* vir die Heilige Gees. 'n Parakleet is 'n advokaat iemand wat langs jou is en jou help en bemoedig. Johannes vertel dat die Gees langs jou is en die woorde van Jesus laat onthou en herinner hoe Jesus in ons omstandighede sou optree. Die Gees wat eintlik saam met ons optree, saam klavierspeel en ons note aanvul met dit wat gepas is.

Opmerking aan ouers en volwassenes:

Watter gees oorheers in jou? Die een van Josua met sy klem op die regte orde, hiërargie en dissipline? Of die een van Moses waarin ons na begeesting verlang? Dat ons almal gelyk is en begaafd is en almal verantwoordelikheid vir die Here se kerk en sy boodskap dra?

In Nelspruit waar ek die Pinksterdienste laasweek gehou het, kom 'n ingenieur wat 'n groot fabriek bestuur na my en vertel dat 'die Here met hom by 'n diens gepraat het'. Dat hy daarvoor wakker gelê en dit met sy werknemers gaan deel het. Dat hulle nie langer net gedissiplineerd en stiptelik wil wees nie maar mekaar as mense met drome en sere wil raaksien en respekteer. Dat hulle begrip vir mekaar se omstandighede moet kry soos 'n ouer vir sy tiener wat in hierdie tyd moet kophou en aanhou. Hy vertel hoe sy werkers se monde oophang toe hy dit vertel. Hoe 'n nuwe gees in die fabriek ontstaan...

Ja, hoe so ons gesinne en gemeente en omgewing nie kan doen met Moses se geestesinstelling nie? Om te verlang dat almal met God se Gees gevul sou word, met die gesonde wete hulle is goed genoeg en dat hulle daarom verantwoordelikheid neem.

André van Niekerk Pinkster 20 Mei 2018.